

WANDEL in die lig en nie in die duisternis nie!

Maandag 7 Februarie 2022

1 Joh 1:6,7

“As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en **in die duisternis wandel**, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie.

7) Maar as ons **in die lig wandel** soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.”

Wandel in die lig, beteken om in die lig te leef. Lig word hier geestelik bedoel. Om in die lig te leef is om voor God te leef soos wat Hy wil. Dit is waar jy lewe en nie skaam is vir jou lewe nie. Ons lees in vers 5: **“God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie.”** So lees ons ook dat Jesus Christus Homself, as volg openbaar in **Joh 8:12**: “Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê.”

Jesus Christus is self die lig. Elkeen wat in Jesus Christus glo, het die lig ontvang. Want jy kan net glo as jy weergebore is. En dan weet jy en glo jy dat...

- Jesus Christus, self ware God, vir jou gebore is,
- Jesus Christus vir jou sondes betaal het,
- Jesus Christus die ewige lewe vir jou verwerf het,
- Jesus Christus die Weg, die Waarheid en die Lewe is.

As jy in Jesus Christus glo, weet jy ook dat jy ‘n sondaar is en dat jy sonde doen. Want niemand op aarde, buiten Jesus Christus, doen nie sonde nie.

Maar nou ...

- erken ons ons sondes,
- bely ons ons sondes en
- ontvang ons vergifnis vir ons sondes, deur Jesus Christus se soenverdienste aan die kruis.

As christene leef ons nie meer in die duisternis van ontkenning en sonde en wegsteek daarvan nie.

- Ons leef in die lig.
- Ons leef in geloof in Jesus Christus.
- God self is die lig.

Om in Jesus Christus te glo en te leef in Sy lig is om God lief te hê.

- Die duisternis is verdryf.
- Die oordeel is verdryf.
- Ons ewige genade is ons deel omdat ons in die Lig lewe.

Lewe dan elke dag in die lig deur Bybel te lees, te bid, te leef volgens die Evangelie.

- Dan wandel jy in die Lig!
- Dan leef jy in die Lig!

Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com